

Aandeelhouer



- R 1-2 Mense vra (taal **outyds**) of die tiener sy pa se besigheid gaan oorneem
Strofe 1- **tradisioneel volg die seun sy pa se voorbeeld**. Die **korrekte leestekens** word gebruik.
- R 3 Strofe 2 – daar is **geen manier** dat seun sy pa se voorbeeld gaan volg nie. Hier word **gemengde taal meer modern gebruik**. Die gedigsvorm is **Vrye vers** met **geen leestekens** nie.
- Die seun se siening is **oppervlakkig-humoristies** met min ambisie.

Geen belangstelling om te werk en geld te maak nie



- R 4 interest - sy **belangstelling** lê nie in finansies nie of **om geld te maak nie**.
*Interest – kan ook beteken **rente** op 'n belegging (investment)*
- R 5 Hy rate/ stel nie 'n hoë 'koers' op sulke **finansiële terminologie** nie.
*'Rate' kan ook die rente**koers** op jou geld wees.*
- R 6 terminologie soos **inflasie** – waarde van geld verminder /**resessie** – mense koop minder, het nie werk nie.
- R 7 hy hou **sy geld in sy beurs(ie)**. Hy wil nie geld maak nie, maar die ironie is, hy **waardeer tog die geld**, waarvoor hy nie gewerk het nie en dit **as sakgeld** van sy pa ontvang het –
- terwyl sy pa en ander *besigheidsmanne hard werk om aandele op die **Beurs** te verhandel en daarmee te spekuleer (koop en verkoop).*


Hy 'belê' in homself, gebruik sy 'bates'



- R 8-9 invest – '**belê**' sy tyd en energie aan **sy voorkoms, liggaamsbou** (spiere) en fokus hy op sy **sport**.
- R 10 Sy **spiere** is sy '**bates**' –
- *soos wat sy pa se **geld en aandele**, die **pa se bates** is.*



en die **effekte** wat dit op meisies het



- R 11-12 sy voorkoms en spiere het baie **positiewe effekte op die meisies**. Dit laat hulle **bloeddruk styg** en
- word vergelyk met 'n *besigheid se 'effekte'* en **aandele** wat op die **Beurs styg**.
- R 13 Die **risiko's** wat hy neem is maar **min** – dui op **geen ambisie** nie want hy belê in **sy voorkoms**
- Die **besigheidsmanne** moet maar **hulle risiko's** op die **geldmarkte** neem.




Sy belangstelling: Sport en vir '**lopies**' kyk hy krieket



- R 14 Om **lopies** te sien, kyk hy **krieket**– dit is ontspanning en nie werk nie.
- *Die **lopies** waarna die besigheidsmanne uitsien is die lopies op die aandelemark/die Beurs – waardevermeerdering van hulle aandele/geld.*

Hy gee nie om vir die pryse van graan of voedsel nie



- R 15-18 in elk geval, hy gee nie om vir die pryse van die graanprodukte op die aandelemarkte nie.
- **(Miskien eendag wel, as hy vir die produkte self moet betaal!)**
- Maar op die oomblik gee hy nie om waar dit vandaan kom nie!